*Maandag* 7

**SKRIFGEDEELTE: JOB 4 EN 5**
**FOKUSGEDEELTE: JOB 4:1-6**

**Bemoediger, bemoedig jouself!**

Na die rou selfvervloeking wat soos kokende lava uit Job se binneste opborrel, voel een van die swyende drie vriende hom nou gedronge om iets te sê. Elifas "kan nie stilbly nie" (4:2). Hy moet nou sy "verbitterde" en "onbeheerste" vriend van sy dwaasheid probeer afkry (5:2).

Dis of mens nogal iets simpatieks in hierdie eerste "Jobstrooster" se stem hoor. Hy wil nie soos 'n koue toeskouer praat nie. Hy vertel ten minste dat hy ook darem "skrik" en "siddering" ken (4:13, 14). Tog was dit nie werklikheid nie; dit was maar net 'n droom!

Wat egter nie 'n droom was nie, is die manier waarop Job vroeër ánder mense bemoedig het. Om te begin, hou Elifas dít aan Job voor: "Jy het self baie mense reggehelp en dié wat moed verloor het, het jy weer moed ingepraat" (4:3). Hoekom kan jy dan nie nou jousélf bemoedig nie? Pas nou jou eie bemoediging toe …

Hoeveel van ons herken nie onsself in hierdie verwyt van Elifas nie. Dis maklik om mooi woorde vir ander te hê, maar as jysélf aan die beurt is … wat dan?

Die groot vraag hier is of jysélf wáárlik "deursidder" is van die troos wat jy wil gee. Of is dit miskien net "hoor-sê troos" … "aangeleerde" woorde wat nie self deurleef is nie? Paulus ken 'n ander soort bemoediging. Hy kan ander bemoedig met dieselfde bemoediging waarmee God ons bemoedig (2 Kor. 1:4).

Só kon Job nog nie troos nie … Kan jý?

*Sing: Psalm 119:40*

*Dr. PP (Paul) Kruger (Emeritus)*